



Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

Sondag, 11 Oktober 2026

Ons God se troue liefde – die bron, norm en hoop van ons loflied en lewens!

*“Regverdiges, jubel oor die Here! ‘n Loflied pas by die opregtes. ...
Met ons hele wese wag ons op die Here;
Hy is ons hulp en ons skild.
Want oor Hom is ons harte verheug,
ja, op sy heilige Naam vertrou ons.
Mag u troue liefde oor ons wees, Here,
terwyl ons op U wag!”
(Psalm 33:1, en 20-22)*

“Sing vrolik, hef die stem na bowe; regverdiges, verhef die Heer! Dit pas opregtes God te lowe en uit te jubel tot sy eer...” Ja, so herken baie van ons die woorde, uit ons grootwordjare en daarná – dis die bekende begin van Psalm 33, altyd ‘n geliefde loflied aan die begin van eredienste in ons kerke. Wat ons dalk nie weet, is dat dié beryming vanjaar 90 jaar oud is; uit die eerste Afrikaanse Psalmboek, die digwerk van prof JD du Toit, oftewel Totius (1936). Wat dit soveel meer merkwaardig maak – terloops – is dat in daardie selfde tyd toe hy aan hierdie Psalmberyming gewerk het (én eers aan die eerste Afrikaanse Bybelvertaling, 1933), hy en sy vrou en gesin deur ‘n tyd van bitterswaar gegaan het; ‘n dekade van rou, nadat op 7 November en 31 Desember 1920 hul jongste seuntjie een jaar oud, aan breinvliesontsteking, en hul oudste dogter noodlottig deur weerlig getref is. “O, die pyngedagte, my kind is dood” en “Die Godsbesluit” is twee bekende gedigte uit daardie tyd, waarin Totius geworstel het met hierdie ontsaglike verlies (in die bundeltjie: *Passieblomme*, Oktober 1933)...

Hoe kon hy weer skryf, “sing vrolik, hef die stem na bowe” (Psalm 33)?

Meer as een van die kommentare noem Psalm 33 ‘n tipiese loflied uit die aanbidding van ou Israel by die tempel, en spesifiek (moontlik) by die Sukkot-fees waarmee die Joodse nuwejaar ook begin (vanjaar van 26 September tot 2 Oktober); ‘n fees waarin God se sorg vir Sy mense gedenk is – ‘n vrolike lied, vol dank, dus. *“De psalm bevat een keur van vertroude gedachten, traditionele uitdrukkingen”* (Van Uchelen, 1986). So bekend, dat ons dikwels eintlik daarby verbyblaai, asof, te algemeen. Totdat mens (weer) raaksien hoe die psalmdigter inkring vanuit die hemelse sfere (vs. 6), na die groot waters op en onder die aarde (vs. 7), na die aarde self, die wêreld (vs. 8), al die mense, nasies en leiers (vs. 8-11), die eiendomsvolk van God (vs. 12) en uiteindelik tot by die individu, die enkeling, die gelowige jy en ek (vs 13-16). En vóór en agter, onder en in alles, orals, is die “woord van die Here” die lewegewende bron. En die inhoud van daardie woord? Verse 5, 18 en 22: “Troue liefde” – dít is uiteindelik die **bron**, **norm** en **hoop** van ons lewe. In alle tye van ons lewe...

Daarom dat ons hier, aan die begin van die mooiste maand Oktober en die somer, aan die begin van die derde kwartaal, en aan die begin van ‘n nuwe skof in Berg-en-Dal se lewe, ‘n loflied soos Psalm 33 kán sing!

JL.

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr Johan Cromhout. Welkom ook aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens en indien jy 'n Liedboek of Bybel benodig, daar is by die ingangsdeure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.
'n Geseënde Sondag en 'n mooi Oktober toegebid.

LITURGIE

Verwelkoming

Wydingslied: "O wat 'n vreugde in ons harte" (Lied 165:1 en 2)

Aansteeke van wydingskers, en oomblik vir bewuswording en stilgebed

Votum: (Miga 6:6-8)

Verootmoediging: "Heer, wees genadig" (Lied 243)

Genadeverkondiging

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Seëngroet

Lofliedere: "Heer, met my hele hart" (Lied 209: Eers vroue, dan almal)
"Kom, dank nou almal God!" (Lied 188:1, 2 en 3)

Kinderverhaal

Aanbiddingslied: "Na ploegtyd en na saaityd" (Lied 461:1 en 2)

Skriflesing: Psalm 33

Woordbediening

Moment vir stilgebed, en gesamentlike voorbidding, toewyding en dank

Offergawe van liefde en dank

Uitnodiging en uitsending

Slotlied: "Sing juigend, sing 'n nuwe loflied" (Psalm 33:1, 2 en 10)
(Totius-beryming agter in die Liedboek)

Seënbede en Amen

Orrelnaspel

Jy is welkom om te bly sit en na die orrelnaspel te luister, tyd vir 'n nagedagte en dank.

Ons nooi almal na ons aanddiens, in besonder al die matrieks, hul ouers en vriende.

Ander Eredienste:

Sondag, 11 Okt.	15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Nagmaal met matrieks, ouers, vriende...
Sondag, 18 Okt.	09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter. 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé).
Saterdag, 24 Okt.	19:00 – Di. Johan Marais & Janke Hurter (Belydeniskatkinsante).
Sondag, 25 Okt.	09:30 – Di. Johan Marais & Janke Hurter (Nagmaalsdiens). 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Fees van die Liedboek (met GKSA Bloemfontein-Noord).

Ons Kategese hervat vanoggend: Voorskools tot Gr 4 ná die Kinderverhaal in die erediens; Gr 5 tot 11 ná die diens. Welkom terug!

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

- 11 Okt. Jared Gerber, Elphia Janse van Rensburg, Nicolaas Luwes en Frederick Strauss.
- 12 Okt. Tian Joubert.
- 13 Okt. Gerrit du Preez.
- 14 Okt. Elise Ferreira, Henco Kotzé, Margaret Kruger en Magdaleen Schoch.
- 15 Okt. Ansie Barnard, Gerda Conradie, Stean du Toit en Pieter Thirion.
- 16 Okt. Hein Carstens, Marlene du Plessis, Elizna Gerber, Hanco Nel en Ebeth Wilson.
- 17 Okt. Divann du Plooy, Janu Janse van Rensburg, Nicolene Lombard, Elsie Strauss, Rubin van Heerden en Johannes van Rooyen.

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Marie Dippenaar (Thompsonstr. 5b, wyk 14); Twanette Koekemoer (Genl Conroystr. 44, wyk 9b); Oom Lieb Swiegers (Santé 107, wyk 18b); Jan Davel (Santé 68, wyk 18b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, in besonder Abie en Leona Geldenhuys, ná die groot operasie van hul seun PG.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

In die vierde kwartaal – die laaste sewe weke – doen al ons Bybelstudiegroepe 'n kort reeks uit die Lukas Evangelie doen: **“Nuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld.”** Die boekie vir hierdie reeks is by die Kerkkantoor te koop @ R 100.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep: 19:00 in die Konsistorie – ds. Jan Lubbe (082 784 9362).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep: 09:00 in Konsistorie – ds. Johan Marais (084 517 8052)

KERKRAADSAKE

Verlof: Ds. Jan Lubbe – 15-18 Oktober 2026 (afnaweek)

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:

Baie dankie aan Wyk 1 en vrywilligers wat in die vakansietyd aan diens was vir ons gasvryheid Sondag met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. In Oktober is **Wyke 2, 3 en 4** (noordelike- en westelike hange van Grant's Hill, agter die kerk om) aan die beurt. Indien jy ook wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193)..

BEDIENINGE

Ons laaste rondte bedieningsvergaderings vir 2026, begin hierdie week – kom help die jaar se laaste werk klaarmaak, terugkyk en beplan vir 2027...

Gemeentebediening:	Maandag, 12 Oktober om 17:30
Jeugbediening:	Dinsdag, 13 Oktober om 17:30
Getuienis- en Barmhartigheid:	Donderdag, 15 Oktober om 17:30

GEMEENTEBEDIENING

Seniorbediening:

Ons eerste byeenkoms vir die 3e kwartaal, is op Woensdag, 21 Oktober 2026 om 09:30 – let asb. op die datumverskuiwing. Meer besonderhede volg...

Nuus uit ons Boekwinkel:

Die eerste bestelling van *Uit die Beek*-dagboek vir 2027 geskryf deur Stephan Joubert, is uitverkoop! Ons het weer bestel – kom bespreek joune by die kantoor @ R 220.

JEUGBEDIENING

Belydenisgroep: Katkisanse neem kennis van die Afrondingsnaweek, 16-17 Oktober...

EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir daardie Sondag – vanoggend, 11 Oktober: **Sinodale Gemeentehulp**.

U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan



BERG-EN-DAL KERMIS 2026 - NOG 'n KEER BAIE DANKIE!

Ons sê nog 'n keer dankie aan almal wat gelei, gewerk, gehelp en kom kuier het: Ons Feestafel het R 313 573,33 opgelewer – ons is baie dankbaar.

Daar is nog van die Deetlefs-feeswyne te koop @ R 130 per bottel of R 700 vir 6!